

**Skriflesing:** Psalm 23; Johannes 10:11-18;22-30

Kategismus: **Sondag 1**

Teks: **Ps. 23:1; Johannes 10:11,17,27**

Sing- **Ps. 4:1; Ps. 86:9; Ps. 23:1,2**

### **Psalm 23**

**Psa 23:1** 'n Psalm van Dawid. Die HERE is my herder; niks sal my ontbreek nie.

**Psa 23:2** Hy laat my neerlê in groen weivelde; na waters waar rus is, lei Hy my heen.

**Psa 23:3** Hy verkwik my siel; Hy lei my in die spore van geregtigheid, om sy Naam ontwil.

**Psa 23:4** Al gaan ek ook in 'n dal van doodskaduwee, ek sal geen onheil vrees nie; want U is met my: u stok en u staf dié vertroos my.

**Psa 23:5** U berei die tafel voor my aangesig teenoor my teëstanders; U maak my hoof vet met olie; my beker loop oor.

**Psa 23:6** Net goedheid en guns sal my volg al die dae van my lewe; en ek sal in die huis van die HERE bly in lengte van dae.

### **Johannes 10:11-18;22-30**

**Joh 10:11** Ek is die goeie herder. Die goeie herder lê sy lewe af vir die skape.

**Joh 10:12** Maar die huurling en hy wat nie 'n herder is nie, van wie die skape nie die eiendom is nie, sien die wolf kom en laat die skape staan en vlug, en die wolf vang hulle en jaag die skape uitmekaar.

**Joh 10:13** En die huurling vlug, omdat hy 'n huurling is en niks vir die skape omgee nie.

**Joh 10:14** Ek is die goeie herder, en Ek ken my eie en word deur my eie geken.

**Joh 10:15** Net soos die Vader My ken, ken Ek ook die Vader; en Ek lê my lewe af vir die skape.

**Joh 10:16** Ek het nog ander skape wat nie aan hierdie stal behoort nie. Ek moet hulle ook lei, en hulle sal na my stem luister, en dit sal wees een kudde, een herder.

**Joh 10:17** Daarom het die Vader My lief, omdat Ek my lewe aflê om dit weer te neem.

**Joh 10:18** Niemand neem dit van My af nie, maar Ek lê dit uit Myself af. Ek het mag om dit af te lê en Ek het mag om dit weer te neem. Hierdie gebod het Ek van my Vader ontvang.

**Joh 10:22** En dit was die fees van die tempelwyding in Jerusalem, en dit was winter.

**Joh 10:23** En Jesus het in die tempel gewandel in die pilaargang van Salomo.

**Joh 10:24** En die Jode het Hom omring en vir Hom gesê: Hoe lank hou U ons in onsekerheid? As U die Christus is, sê dit vir ons ronduit.

**Joh 10:25** Jesus antwoord hulle: Ek het dit vir julle gesê, en julle glo nie. Die werke wat Ek doen in die Naam van my Vader, dié getuig van My.

**Joh 10:26** Maar julle glo nie, want julle is nie van my skape nie, soos Ek vir julle gesê het.

**Joh 10:27** My skape luister na my stem, en Ek ken hulle, en hulle volg My.

**Joh 10:28** En Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie.

**Joh 10:29** My vader wat hulle aan My gegee het, is groter as almal; en niemand kan hulle uit die hand van my Vader ruk nie.

**Joh 10:30** Ek en die Vader is een.

### **Sondag 1**

**1 Vraag: Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe?**

**Antwoord:** Dat ek met liggaam en siel in lewe en in sterwe (a) nie aan myself (b) nie, maar aan my getroue Verlosser, Jesus Christus behoort (c). Hy het met sy kosbare bloed vir al my sondes ten volle betaal (d) en my uit alle heerskappy van die duiwel verlos (e). Hy bewaar (f) my op so 'n wyse dat sonder die wil van my hemelse Vader, geen haar van my kop kan val nie (g). Alles moet inderdaad tot my saligheid dien (h). Daarom verseker Hy my ook deur sy Heilige Gees van die ewige lewe (i) en maak Hy my van harte gewillig en bereid om voortaan vir Hom te lewe (k).

Pretoria- 25 Januarie 2015

*(a) Rom 14:8. (b) 1 Kor 6:19. (c) 1 Kor 3:22; Tit 2:14: (d) 1 Pet 1:18, 19; 1 Joh 1:7; 2:2, 12. (e) Heb 2:14; 1 Joh 3:8; Joh 8:34-36. (f) Joh 6:39; 10:28; 2 Tess 3:3; 1 Pet 1:5. (g) Matt 10:30; Luk 21:18. (h) Rom 8:28. (i) 2 Kor 1:22; 5:5; Ef 1:14; Rom 8:16. (k) Rom 8:14; 1 Joh 3:3:*

**Skriflesing:** Psalm 23; Johannes 10:11-18;22-30

Kategismus: **Sondag 1**

Teks: **Ps. 23:1; Johannes 10:11,17,27**

**Sing-**

Broeder en suster, ons is deur die genade van die Here weer gebring by Sondag 1. Die eerste Sondag van die Kategismus wat so belangrik is in wat die hele Kategismus vir ons werd is, maar wat beteken hierdie eerste Sondag vir u en my in hierdie wêreld en in hierdie lewe waarbinne ons dag tot dag lewe. Daar is niemand, werklik niemand wat in sy/haar lewe kan beweer dat ek het nie Sondag 1 nodig nie. Niemand wat sal kan sê dat die troos van Sondag 1 is nie vir my bedoel nie. Dan word ons eerlik met onself, ons word in alles met onself, ons sonde, ons boosheid, ons ellende, ons diepe val gekonfronteer, en ek erken hoe nodig het ek hierdie troos. Jonk en oud, maak nie saak nie, ryk of arm, koninklik of gewoon net burgerlik, binne die Kategismus word daar nie 'n verskil gemaak en gevra wie jy voor die Here is nie. Dit gaan veel eerder oor Wie God vir jou wil wees.

\*\*\*

Daarom dat ons die hooflyne van die eerste vraag en antwoord onself duidelik moet kan weergee. Alles begin by die Here. Hy wat sy Heilige Gees vir ons gegee het om ons te troos. Die Heilige Gees is God en net God kan my sy kind maak. Daar is geen ander manier om 'n kind van die Here te wees as die Here my nie sy kind gemaak het nie. As kind van die Here deur God Self uitverkies, word ons al nader en nader aan die Here gebring deur wat die Here stukkie vir stukkie in ons lewens openbaar. Die Kategismus is eintlik besig om die genade van God, Sondag na Sondag vir ons stukkie vir stukkie oop te breek.

\*\*\*

Wie in Jesus Christus glo is reeds deur die Heilige Gees 'n getrooste kind van God, wat al meer troos van die Heilige Gees kan verwag. Jesus Christus het vir jou betaal. **Christus het met sy kosbare bloed ten volle betaal.** Dit maak Sondag 1 baie gou heel duidelik. Die Satan kan my nie sy eiendom maak nie. **Ek word uit alle heerskappy van die duiwel verlos...** Wie aan Christus behoort moet dit kan uitroep dat ek nie aan die Satan behoort nie. Al sal die duiwel alles wil probeer om jou na hom oor te bring, selfs as hy kon, om jou sy kind te maak. Sondag 1 se troos is, wie aan Christus behoort is in hierdie lewe reeds getroos. Daar kan nie eers 'n haar

Pretoria- 25 Januarie 2015

uit ons koppe val sonder God se wil nie. Dit gaan nie net oor God se wil in hierdie lewe nie, dit gaan ook oor die nuwe lewe en die ewige lewe. Die lewe al sou ek ook sterwe. Die Heilige Gees verseker vir jou en my dat ek na my dood steeds God se kind bly. Die Heilige Gees verseker ons van die ewige lewe.

Dit alles is in Sondag 1 vraag en antwoord 1- waar God dit alles begin deur vir jou en my te sê- JY IS MY KIND. Jou geloof het jou gered want het Jesus Christus jou gered. God skenk ons die geloof dat ons deur die geloof in Christus deel kan kry aan Wie Jesus Christus vir ons is en Wie Hy vir ons wil wees. Ons in Hom en Hy in ons, maar dan kom Sondag 1 en maak alles baie konkreet, soos ons reeds gehoor het dat selfs elke haartjie is getel.

\*\*\*

Hoor dit mooi, God weet jy kan jousef nie red nie, God weet dat ons elkeen het 'n ernstige behoefte in wat elke dag om ons aan die gang is, dinge waaraan ons elke dag blootgestel is, selfs die verkeerde dinge is by God nie onbekend nie. Daarom het ons saam met die bekende Sondag 1, die net so bekende Psalm 23 gelees. Dawid wat hierdie Psalm in sy eie lewe deur die Heilige Gees as Trooster kon dig, is iemand wat besef het daar kan baie dinge met my gebeur. Trouens daar het baie dinge met Dawid gebeur wat hom alle rede tot wanhoop en angstigheid, ja Dawid kon hom in baie omstandighede troosteloos gevoel het.

Dieselfde Dawid wat tot so baie sonde in staat was, ja laat ons dit dadelik erken, ons is nie beter as Dawid nie, ons is beslis ook tot dieselfde sonde in staat. Ja, mag ek dit selfs sê, ons is sekerlik in staat tot nog erger sondes as wat Dawid gedoen het, daar is niks wat my uit myself beter as Dawid kan maak nie. En dit is die begin van waar ons ons troos moet soek. By die Here, by die Here alleen. Psalm 23 se begin is alreeds die begin van die volle troos. Die Here is my Herder.

Niks wat God kon verplig om my Herder te wees nie, maar Hy is dit. Ek word soos 'n skaap voor Hom gestel. 'n Skaap wat kan ronddwaal en weg dwaal, kan siek word, ek kan die prooi word van baie ongediertes, ja die dood is my nie gespaar nie. Die dal van doodskaduwee kan swaar oor my kom hang. En wanneer 'n skaap so verlore kan raak, so afgedwaal, so blootgestel, dan wil die Psalm in elke opsig jou soos die Kategismus troos en verseker deur daaraan vas te gryp dat God los my nie. God het alle rede gehad om my af te skryf, maar God los my nie.

\*\*\*

Selfs die kind van God wat vanoggend wil sê- ek kom eintlik goed reg, sonder dat ek in besonder die troos van die Kategismus vooropstel. Ek het grootgeword met die idee “cowboys don’t cry”, ja en ek het al ’n pil gedrink as ek sleg voel, ja ek kan ’n drankbottel gou tot sy bodem drink, ja ek rook, selfs dinge wat my laat goed voel, die dwelms, hoe wettig of onwettig ek dit ook al kan bekom, ek aarsel nie om my toevlug na sulke middele te neem nie.

Geliefdes, u weet hoe ons mekaar ’n rat voor die oë kan probeer draai. U weet hoe ons dinge vir mekaar kan probeer wegsteek, u is dalk self getuie van hoe daar op aardse middele, aardse plesier, aardse sinnelikheid en onsedelikheid gesteun kan word, hoe mense kan dink, my bankbalans, dit sal my lewe balanseer. Mense kan hulleself en andere vir lank hiermee aan ’n draadjie hou, vir lank kan ek die balanseer-toertjies laat werk, tot die dag wanneer niks meer van die dinge gaan uitwerk nie. Al hierdie tydelike ontvlugting eenvoudig op niks uitloop nie en ’n mens baie hard laat val. Die tydelike dinge kan eenvoudig op geen manier ’n plaasvervanger vir die ewige dinge wees nie.

\*\*\*

Die ewige dinge wat begin deur ’n baie duidelike en baie troosvolle belydenis. **Die Here is my Herder.** As Dawid dit erken, dit wat God vir hom is, dat God Dawid nie afgeskryf het nie, God het hom nie vir ’n oomblik aan sy eie lot oorgelaat nie, God se verbond het hom laat beseft daar ontbreek niks nie. Sondag 1 sê eintlik ook vir ons- daar ontbreek niks...*Niks sal my ontbreek nie.* Die Here het Dawid as sondaar verlos, die Here het Jesus Christus het Self as Herder na hierdie wêreld gekom, (lees maar Joh. 10), Christus is as Herder sonder vergelyke na ons gestuur, om Dawid en al God se kinders van ons sondes te verlos en ons te troos.

Die Kategismus praat van Christus se kosbare bloed waarmee ons sondes ten volle betaal is. Ek is deel van God se kudde, Christus is my Herder maar Hy is nog meer. Christus roep y, Hy praat met my, sy stem is nie stil nie maar mag ook nie onbekend wees nie. Hy is Hoof van God se kudde. Hoof van die Kerk van die Here. Die Kerk is sy liggaam, waar ek op ’n besondere manier geleer word, vertroos word en verseker word, hoe groot die mislukkings in my lewe ook al mag gewees het, ja hoe baie keer gaan daar nog mislukkings gaan wees, waarvoor ek niemand skuld kan gee nie, ek wat so geneig is om altyd skuld op andere te wil pak, die Here dwing jou

Pretoria- 25 Januarie 2015

en my dan terug na Sondag 1. Ja, mag dit wees dat ek elke dag in my swaar en my teëspoed, in my lyding en beproewinge, keer op keer vir jouself bly sê – onthou Sondag 1. Vraag en antwoord nommer een! Hierin leer ek as kind van die Here wat God se groen weivelde, wat God se waterstrome, wat God se neerlegging vir my wil beteken. Daar waar God my wil neerlê, is waar Hy my heenlei, is om elke oomblik van elke dag te weet Christus roep my na Hom toe. Hy gee my nuwe krag waar die troosteloosheid van hierdie lewe elke greintjie krag uit my lewe wou uitdruk.

\*\*\*

Ons het dan ook die vrymoedigheid om met Christus in wat sy bloed en sy stem vir my beteken, die pad vêrder te loop, wat in baie opsigte geen maklike pad waarborg nie. Tog moet ons koers hou, daarvoor is die Kategismus, ja ons as kerke wat ons in al drie dié formuliere van eenheid bind, vind hierin 'n kaart waar God se Woord die kompas is, waar ek op die regte paaie gelei word. Waar ek die waters vind waar rus is, waarin ek selfs die dal van doodskaduwee in sy donkerte kan deurgaen en dan kan ek steeds sê- *ek sal geen onheil vrees nie...* Ek dink aan die land waarin ons bly, ek dink aan die mense naby my, ek dink aan die seerkry in my en rondom my, soveel korrupsie, haat, moord, teleurstellings, niks wat uitwerk nie. U mag dalk so voel, dat ek voel so vêr van hulp en vêr van God, niks troos my meer nie.

Dan moet ons somer hier aan die begin van die Kategismus tog nog dit duideliker maak, jy kan getroos word, sonder dat jy noodwendig voel jy is getroos. God werk baie dieper as net my gevoelens. Die gevoel van troos is nie noodwendig altyd troos nie. God werk verby ons gevoelens deur ons gevoelens eintlik met Hom saam te neem, in Christus dit weer te gee en dan kan my verwagtinge soveel meer wees as net gevoelens. Dan het ek met die God te doen Wie ek kan ken en op Hom kan vertrou, al verstaan ek nie altyd presies wat op 'n sekere stadium in my lewe aan die gang is nie en terselfdertyd besef ek, ek kan nie altyd op my gevoelens staatmaak nie, maar ek kan altyd wel op God staatmaak. Op God kan ek bly vertrou. Na sy stem kan ek luister.

Die dinge wat op aarde my van Hom wegdwing is werklik dinge wat ek nie as troos kan aanhang nie. Nee my hart, my wil my wese moet in alles daarna verlang, ek moet saam met die einde van

antwoord 1 dit wil sê – **ek is van harte gewillig en bereid om voortaan vir Hom te lewe.**  
Daarin is 'n blywende troos.

AMEN